education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# VOORBEREIDENDE EKSAMEN: VRYSTAAT PROVINSIE

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V1
## SEPTEMBER 2010

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 UUR**

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| ➢ **AFDELING A**: | Leesbegrip | (30) |
| ➢ **AFDELING B**: | Opsomming | (10) |
| ➢ **AFDELING C**: | TAAL | (30) |

2. Lees alle instruksies sorgvuldig.

3. Beantwoord **AL** die vrae.

4. Begin elke afdeling op 'n **NUWE** bladsy.

5. Trek 'n lyn na elke voltooide afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek en volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël na elke antwoord oop.

8. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksies.

9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL EN PAMFLET**

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die vrae.

# Hoor jy die nuwe dreuning?

**Deur Rebecca Kahn**

1. Ons weet almal daar is nie regtig iets soos oorspronklike populêre musiek nie. Sedert daardie dag toe Chuck Berry blues, gospel en bluegrass gevat en ‘n beat bygesit het, is kunstenaars al besig om met mekaar se idees te woeker om nuwe en moderne klanke uit ou vorme te maak.

2. Tog was daar die afgelope agt jaar of so ‘n uitsonderlike groei in Afrikaanse musiek. Jong kunstenaars het ou vorme gevat, dit verwerk, vertaal en op hulle koppe geswaai om dit sodoende hul eie te maak. Eers was daar die punck-rock-ontploffing onder die aanvoering van die Polisiekarre, ‘n groep wat ‘n nuwe stem gegee het aan ‘n geslag jong, blanke Suid-Afrikaners. Hulle opgang was fenominaal en nou nog, bykans ‘n dekade later, is hulle invloed steeds baie duidelik.

3. Natuurlik is dit onvermydelik dat só ‘n briljante groep ander mense en groepe sal hê wat hulle sal wil na-aap. Die Polisiekar-afsplinterings met hul stywe jeans, gestileerde, deurmekaar hare wat met ‘n voorstedelike angs en woede in hulle musiek sing, het na ‘n lang ruk almal dieselfde begin lyk en klink – soveel so dat aanhangers begin fluister het dit is tyd vir iets nuuts en hardop gewonder het wat dit gaan wees. Die antwoord kon nie minder onverwags gewees het nie. Hip-hop en rap, twee genres wat generasies lank iets was wat ‘n mens net in die Kaapse Vlakte en ander townships sou gaan soek het, het skielik die nuwe klank van suburbia geword.

4. Die Suid-Afrikaanse musiekmark was nog altyd baie uiteenlopend – een kyk na die kategorieë waarin Sama-pryse uitgedeel word, sal dit bevestig dat hierdie situasie nog altyd kunstenaars se doodsteek was. In die verskillende klein onderdeeltjies wat veroorsaak is deur taal en genre is die onderskeid in Suid-Afrikaanse musiek altyd veroorsaak deur watter musiek gewild sou wees vir watter taal-, ras en etniese groep – en as dit nie by die kunstenaar se taal-, ras- en etniese profiel ingepas het nie, het hy doodeenvoudig nie daardie musiek gemaak nie.

5. Dié ongelukkige situasie is egter besig om te verander en vandag se musikante vat dit waarmee hulle gemaklik voel, paneelklop dit effens en bied dit dan as populêre musiek met ‘n nuwe voorkoms en klank aan. Baie mense beskou hierdie sameflansing van verskillende style as “zef”, maar “so what?” Musiek in Afrikaans ontwikkel nou ten minste! Jack Parow en Die Antwoord is maar twee van hierdie groepe wat die idee van “zef” na ‘n ander vlak geneem het met musiek en die musiekvideo’s wat terselfdertyd skreeusnaaks én angswekkend is.

6. In reaksie hierop sê Parow: "Mense kan maar sê wat hulle wil van my musiek, maar ek haat preek-rap! Ek maak fun-rap vir mense wat soek na 'n lekker tyd by 'n "gig" saam met vriende eerder as om vir hulle te preek dat alles eendag oukei gaan wees of dat die regering 'n gemors van alles maak of wat ookal. Ons hoor dié goed elke dag oor en oor. As ek uitgaan, wil ek dit tog om vadersnaam nie wéér hoor nie.Ek wil "party" hou en dan is my rap die soort musiek wat mense smaak." Mense moet voel hulle word "entertain." Om hierdie rede noem die groep Gazelle ook hulle musiek "party"-musiek. Minder hip-hop en meer van 'n hibriede van reggae, elektro en disko. "Ons soort kunstenaars verstaan dat dit deesdae nie net oor die musiek gaan nie, maar ook oor die vermaak wat saam met die musiek gaan", sê Xander Ferreira die geesteskind van Gazelle. "Ons musiek moet onder geen omstandighede vir die publiek voorskryf nie!"

7. Die Antwoord (wat oorsee was ten tyde van die saamstel van hierdie artikel) is waarskynlik die popgroep wat die visuele aspek van musiek se nuwe voorkoms en klank tot die uiterste beproef. Ninja se tronktatoes en die voorkoms van hiper-surrealistiese geweld wat hierdie groep se musiekvideos's kenmerk, plaas hulle baie nader aan die tradisie van hip-hop uit die Kaapse Vlakte. Dié groep het groot opspraak in plaaslike en oorsese media gewek. Bloggers, akademici en joernaliste het gedebatteer oor of hulle 'n parodie is en of hulle musiek regtig illustreer wie hulle is. Is hulle musiek nie maar net 'n siniese geldmaakskema nie of is dit werklik baie slim sosiale kommentaar? Die antwoord is eintlik totaal irrelevant – sulke vrae verdwyn baie gou as die verkope van hulle musiek daarop dui dat dit wat saam met die musiek gaan – vermaak – eintlik die belangrikste faktor is.

8. En in Jack Parow se woorde: "Ek kan nie wag om te sien wat die Parow-splinters gaan doen nie. Dit gaan briljant wees!"

*(Verwerk en aangepas uit "my tyd", byvoegsel tot Rapport van 13 Junie 2010)*

1.1 Wie het volgens die teks die eerste treë in die rigting van moderne popmusiek gegee? (1)

1.2 Wat het hierdie persoon met reedsbestaande musiek soos o.a. blues en gospel gedoen het om dit na popmusiek te verander? Beantwoord met 'n **VOLSIN**. (1)

1.3 Hoekom is die aanname wat die joernalis in die eerste sin van paragraaf 1maak nie 'n feit nie? (1)

1.4 Is die volgende stelling **WAAR of ONWAAR** is. Haal 'n **FRASE** van **SES opeenvolgende** woorde aan jou antwoord te bevestig.

Die skrywer is nie doodseker oor die presiese tydperk waarin Afrikaanse musiek 'n opbloei begin toon het nie. (1)

1.5 Haal een woord uit paragraaf 3 aan wat die emosie van die spreker oor die sukses van die Polisiekarre beskryf. (1)

1.6 Waarom het die aanhangers van angs- en woedemusiek later na iets anders begin soek? (1)

1.7 Wat sou die joernalis impliseer wanneer sy skryf dat aanhangers "begin <u>fluister</u> het dat dit tyd vir iets nuuts" is? (1)

1.8 Noem enige EEN van die twee musiekgenres wat voorheen nie met blanke Suid-Afrikaners geassosieer was nie. (1)

1.9 Is die joernalis oorwegend positief oor die feit dat Suid-Afrikaanse musiek so uiteenlopend is? Motiveer waarom jy so sê deur **EEN woord** uit paragraaf 4 aan te haal. (1)

1.10 Suid-Afrikaanse musikante het in die verlede toegelaat dat sosiopolitieke vooroordele vir hulle voorskryf watter musiek hulle moes maak.

Bewys bogenoemde stelling deur 'n **FRASE** uit paragraaf 4 aan te haal. (1)

1.11 Baie mense beskou populêre musiekstyle as "zef".

1.11.1 Wat is die joernalis se standpunt oor "zef"-musiek volgens paragraaf 5 en skryf dit in **jou eie woorde** oor. (1)

1.11.2 Wanneer is musiek volgens jou mening "zef" musiek? (2)

1.12 Watter tipe musiek het Jack Parow 'n gewilde kunstenaar gemaak? (1)

1.13 Herlees paragraaf 6 en skryf **TWEE** ooreenkomste tussen die musiek van Jack Parrow en Gazelle neer. (2)

1.14 Dink jy dit is goed is goed vir aanhangers om van Die Antwoord om na dié groep se musiekvideo's te kyk? Motiveer jou antwoord deur die inligting in paragraaf 7 te te gebruik. (1)

1.15 Watter **ENKELE WOORD** in paragraaf 7 dui vir die leser daarop dat Die Antwoord se musiek buitelandse reaksie uitgelok het? (1)

1.16 Wat is volgens jou mening die vereistes vir goeie popmusiek? (2)

1.17 Na wie verwys Jack Parow in die laaste paragraaf waar hy van die "Parow-splinters" praat? (1)

1.18 Herlees nou weer die titel van hierdie artikel en bepaal waarna verwys "...nuwe dreuning" dus. (1)

**EN**

# Slim stadions

| Stadion | Stad | Sitplekke |
|---|---|---|
| Moses Mabhida | Durban | 70 000 |
| Soccer City | Johannesburg | 94 000 |
| Mbombela | Nelspruit | 46 000 |
| Groenpunt | Kaapstad | 68 000 |
| Vrystaatstadion | Bloemfontein | 48 000 |
| Loftus Versveld | Pretoria | 50 000 |


**Suid-Afrika se 2010-sokkerstadions is spesiaal vir 'n sokkerfees soos min ontwerp.**

## Soccer City

Soccer City is die grootste sokkerstadion in Afrika. Dit is ook die stadion waar die eindstryd van die 2010-Wêreldbekertoernooi gespeel word. Die inspirasie vir die ontwerp van dié stadion was 'n kalbas, ook bekend as 'n Afrika-pot. Rondom die stadion is ligte aan die onderkant aangebring om soos 'n "vuur" onder die "pot" te lyk. Net 'n bietjie meer as 65 000 m³ beton is gebruik om die stadion te bou.







## Groenpunt-stadion

Hierdie stadion se dak bestaan uit 9 000 glaspanele wat elk 16 mm dik is. Dit hou die wind en reën uit sodat die toeskouers die spel ten volle kan geniet. Onder die glaspanele is PVC-panele aangebring wat help om klank te demp. Mense wat buite loop en naby die stadion woon, sal dus nie die toeskouers se geraas so duidelik kan hoor nie. Die totale oppervlak van die dak is 32 000 m².



## Moses Mabhida-stadion

Die Suid-Afrikaanse landsvlag was die inspirasie vir hierdie stadion se ontwerp. Die stadion is enig in sy soort wat met 'n kabelkar spog waarmee toeskouers en besoekers tot 106 m bo die sokkerveld kan ry. Hiervandaan kan besoekers die asemrowende uitsig oor die oseaan geniet. Jy kan ook met die hulp van 'n gids teen die boog wat oor die stadion strek, klim – 'n hele 550 steil trappe as jy baie energie het.



## Mbombela-stadion

Hierdie stadion se sitplekke word deur 'n deursigtige dak bedek. Die dak word deur 18 reuse pilare ondersteun wat só ontwerp is dat dit soos die nekke van kameelperde lyk. Nadat die stadion voltooi is, moes al die gras weer uitgehaal word omdat die grond te veel klei bevat het – dit het daartoe gelei dat water nie goed genoeg en nie gou genoeg weggeloop het nie en die speelveld het dus baie lank nat gebly.

*(Aangepas en verwerk uit Hoezit, Mei 2010, Uitgawe 27, uitgegee deur die ATKV)*

1.19 Bestudeer die inligting oor Soccer City-stadion.

1.19.1 Volgens die tabel met die statistieke van die verskillende stadions, kan Soccer City die meeste toeskouers akkommodeer. Identifiseer ‘n rede **in die teks** waarom hierdie stadion dan so groot moet wees. (1)

1.19.2 Aan watter eg tradisionele Afrikasimbool sal die ontwerp van hierdie stadion die sokkerentoesiaste herinner wanneer hulle dié stadion besoek? (1)

1.20 Noem die stadion waarvan die problematiese dreineringstelsel waarskynlik ‘n gevaar vir die spelers sou inhou. (1)

1.21 Lees weer die inligting oor die Moses Mabhida-stadion en sê dan waarom hierdie stadion so gewild onder avonturiers is. Antwoord in ‘n **VOLSIN**. (1)

1.22 Bewys deur middel van die inligting in die teks dat die Groenpunt-stadion in Kaapstad ‘n uitstekende voorbeeld van ‘n ekovriendelike stadion is. (1)

1.23 By watter stadion, ook dié wat nie in die teks genoem is nie, sal jy graag ‘n sokker-wedstryd wil bywoon? Verduidelik jou antwoord. (1)

1.24 Lug jou mening oor die volgende stelling wat ‘n briefskrywer aan ‘n plaaslike koerant se briewekolom gestuur het:

“Miljarde rande is gemors om sulke spogstadions te bou. Ons kon eerder armoede onder ons mense met daardie geld verlig het.”

Beperk jou respons tot ‘n **maksimum van 40 woorde**. (1)

1.25 Hoekom sou jy die teks as ‘n goeie pamflet beskou? (1)

**[30]**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**


Lees onderstaande teks en maak ‘n **puntsgewyse** opsomming van die **verantwoordelikhede** van die verskillende spelers in ‘n sokkerspan.

Let daarop dat sommige spelers **meer as een verantwoordelikheid** het. Deel jou opsomming dus soos volg in:

- doelwagters – **EEN** verantwoordelikheid as die eerste punt
- verdedigers – **TWEE** verantwoordelikhede as die tweede en derde punt
- middelveldspelers – **TWEE** verantwoordelikhede as die vierde en vyfde punt
- doelskieters – **enige TWEE** van hulle drie verantwoordelikhede vir die sesde en sewende punt

- Jy moet dus in totaal **SEWE** verantwoordelikhede puntsgewys opsom.
- Gebruik jou **EIE WOORDE** in jou opsomming – moenie direk uit die teks aanhaal nie.
- Jou opsomming moet nie meer as 80 woorde bevat nie.
- Dui aan die einde die korrekte getal woorde aan wat jy gebruik het.

# Die sokkerveld met die spelers




Weet jy minder van sokker as wat 'n renoster van ballet weet? Moenie bekommerd wees nie. Hierdie Gids vir Dommies - soos ons - sal jou in 'n japtrap al die inligting gee wat jy nodig het om hierdie spel beter te verstaan. Kom ons begin by die heel basiese dinge: sokker word met 11 spelers aan 'n kant gespeel. 'n Wedstryd bestaan uit twee helftes van 45 minute elk waarin elke span probeer om die bal in sy opponent se doelhok te kry om punte aan te teken.








Elke speler in die span het 'n spesifieke rol om te vervul om seker te maak dat doele behaal word of om te verhoed dat punte aangeteken word.

Die doelwagter moet keer dat die bal in sy span se doelhok ingeskop word. Hy is die enigste speler wat sy arms en hande mag gebruik om aan die bal te raak. Hy dra ook klere wat hom van die res van sy span onderskei. Die doelwagter is die enigste formele posisie op die veld.

Die verdedigers moet die doelwagter bystaan en verhoed dat hulle teenstanders se doelskoppe verby hulle verdediging dring. Hulle moet ook die afrigter se spelpatroon onder die res van die span afdwing. Spelers wat aan die binnekant speel, is meer verdedigend terwyl dié aan die regterkant meer aanvallend is. Hulle is ook dikwels die spelers met die meeste ervaring.

Die senters of aanvallers is die middelveldspelers wie se verantwoordelikheid dit is om die teenstanders van balbesit te ontneem en dan die bal by hulle eie doelskieters uit te kry. Afrigters kies gewoonlik spelers met 'n uitstekende aanvoeling vir die spel om in hierdie posisies te speel.

Die voorspelers van 'n sokkerspan is die doelskieters en hulle rol is om doele te skop, geleenthede te skep waar ander spanmaats ook punte kan aanteken of hulle moet die spel vertraag sodat nog spelers kan bykom om ondersteuning te bied. Hierdie spelers is gewoonlik onverskrokke en beskik oor sterk skopvaardighede in beide bene. Saam vul hierdie spelers mekaar aan sodat die span soos 'n goedgeoliede masjien saamwerk om sukses te bereik.

*(Verwerk uit Sokker vir beginners, bylaag tot Huisgenoot, Mei 2010)*

**AFDELING C: TAAL IN KONTEKS**

**VRAAG 3**

# Generasie jong Suid-Afrika



1 **Kenners glo vandag se jongmense is die produk van 'n nuwe generasie in 'n nuwe land met sy liberale grondwet en groter toegang tot internasionale neigings. Hoe lyk en dink hierdie nuwe generasie Afrikaners en wat is vir hulle belangrik?**

2 "Die probleem met die jeug is dat hulle vandag al alles wil hê wat net môre hulle kan bied." As jy self nie meer onder die jeug gereken word nie, sal jy dalk saamstem met hierdie aanhaling deur die Amerikaanse predikant en akademikus, W.T. Purkiser.

3 Is die een geslag nie maar altyd agterdogtig oor die volgende nie? Ja, sê kenners, tog wil dit voorkom of 'n groot groep van vandag se jonges nie net haastig is om sukses te behaal nie, maar boonop van mening is dat hulle outomaties geregtig is op sekere voorregte en 'n bepaalde leefstyl; veel meer as die generasies wat hulle vooraf gegaan het. In pleks van uit die verlede te leer wil die jeug te maklik hulle eie koppe volg.

4 Nuwe navorsing toon dat die Afrikanerjeug meer plesierig is oor nie net geld en sukses nie, maar dat hulle ook vryer dink oor sake soos godsdiens en seks. Jan van der Merwe, 'n doktorale student in antropologie aan die Universiteit van die Vrystaat, sê sy navorsing toon dat Suid-Afrika ná apartheid, met sy liberale grondwet en groter blootstelling aan internasionale invloede, ongetwyfeld bygedra het dat jong Suid-Afrikaners meer vrydenkend raak wat moraliteit en waardeoordele aan betref. "Jong Suid-Afrikaners is besig om hulle voorvaders se eng, konserwatiewe Christelike waardes en norme te ontgroei," meen Jan. "Die vraag is nou wie en wat bepaal wat goed en reg is, of wat deugsaam is."

*(Verkort uit Taalgenoot, Mei – Junie 2010)*

3.1 Wat is die funksie van die skryfteken in die opskrif? (1)

3.2

Die HAT verwys: **ge-ne-ra´sie** s.nw. (-s) **1** Handeling, resultaat van genereer: *Die generasie van krag.* **2** Enkele trap in die opeenvolging van natuurlike afstamming; al die nakomelinge van een ouerpaar: *Die eerste generasie, kinders van 'n ouerpaar*.

*(Uit HAT, sesde uitgawe – 2009)*

3.2.1 Skryf slegs die lettergreep neer wat tydens die uitspraak van "generasie" beklemtoon moet word. (1)

3.2.2 Vind 'n gepaste sinoniem uit die inskrywing in die HAT vir "generasie" soos in die teks gebruik. (1)

3.3 Voltooi die volgende deur die korrekte antoniem vir die onderstreepte woord in te vul:

Wanneer ‘n land nie ‘n <u>liberale</u> grondwet (par.1) het nie, het dit ‘n ... grondwet. (1)

3.4 Kies die korrekte betekenis van die voorvoegsel in die onderstreepte woord:

Die jonger generasie het groter toegang tot <u>internasionale</u> (par. 1) neigings.

A. binne-in
B. tussen
C. buite
D. in die middel (1)

3.5 Kies die korrekte verkleiningsvorm uit die moontlikhede tussen hakies.

Hoe lyk en dink hierdie nuwe generasie (Afrikanertjies / Afrikanerkies)? (1)

3.6 Skryf die ander meervoudsvorm vir die onderstreepte woord neer.

<u>Akademici</u> soos dominee Purkiser het ‘n grondige kennis van die jeug. (1)

3.7 Wat sou die vergrotende trap van vergelyking vir die onderstreepte woord wees?

Is die een geslag nie maar altyd <u>agterdogtig</u> as die volgende nie? (1)

3.8 Verbeter die <u>kontaminasiefout</u> wat in par. 3 voorkom deur die hele sin oor te skryf en die verbetering wat jy aangebring het te onderstreep. (1)

3.9 Kies die korrekte antwoord uit die moontlikhede tussen hakies:

Jan van der Merwe het in sy navorsing (gevind / bevind) dat jong Afrikaners al hoe meer vrydenkend raak. (1)

3.10 Lei uit die teks af waaroor die studierigting antropologie handel en kies die korrekte antwoord uit die moontlikhede:

Antropologie is die studie oor of van:

A. probleme waarmee die jeug te kampe het.
B. mense.
C. die kulture van verskillende volke.
D. ‘n land se grondwet. (1)

**EN**

# Om grappe vir ‘n reënboog te maak



1 **In sy nuutste rolprent, *Schuks Tshabalala’s Survival Guide to South Africa 2010*, het Suid-Afrika se rolprent-reus Leon Schuster, sy skelmkamera-streke weer uitgehaal.**



2 Met ‘n brief waarin Queen Victoria glo gesê het dat ‘n deel van die huidige Seepunt iewers in die 19de eeu aan die Amararabe van die Transkei geskenk is, het Schuster en sy span die Kapenaars se siele vir ‘n dag lank versondig. Dié film gaan beslis groot geld verdien.

3 Schuster se afgelope drie rolprente, die twee Mr. Bones-flieks en Mama Jack was storie-rolprente, maar met hierdie rolprent keer hy terug na sy komiese sketse. “Het ek dan my ondersteuners se behoeftes so lank misgekyk? Dit het vir my begin voel mense hunker na hierdie gekskeerdery waaroor ek egter nie meer so mal is soos 20 jaar gelede nie. Ek is nou banger en versigter as wat ek toe was. Ek is nou ouer, wyser en banger om ge-💥⚡☠☹**!!** te raak. Ek moet my gehoor “push”; Dit is wat die mense wil hê. Afrikaners wat na my “movies”kyk, put geweldig genot daaruit as ek ‘n klap of twee kry!” Schuster het nie sy gehoor in dié rolprent teleurgestel nie.

4 Die grimering in sy nuwe rolprent is kosmeties. Allan Boesak, Breyton Paulse en Helen Zille is maar ‘n paar Suid-Afrikaanse slagoffers van hierdie “opgepompte” gevaar wat teen die einde van die rolprent ‘n skeppie van sy eie medisyne kry. Hoewel 2010 aangebreek het en buitelanders na Suid-Afrika gaan stroom, is Schuster steeds van mening dat hierdie rolprent vir Suid-Afrikaners is.

*(Verkort en aangepas uit http://www.dieburger.com van 23/6/2010)*

3.11 Benoem die selfstandige werkwoord wat in die opskrif onderstreep is. (1)

3.12 Vorm ‘n sterk verlede deelwoord van die woord tussen hakies:

Schuster is die (aanwys) persoon om hierdie tipe rolprente te skiet. (1)

3.13 Vervang die gedeelte tussen hakies met ‘n teenwoordige deelwoord.

Die (wat ‘n mens gerus stel) feit is dat hierdie film vir Suid-Afrikaner bedoel is. (1)

3.14 Leon Schuster het weer sy skelmkamera-streke uitgehaal (par. 1).

Herskryf hierdie sin en gebruik die **akkuutteken** korrek om beklemtoning aan te dui. (1)

3.15 Schuster en sy span versondig die Kapenaars se siele vir 'n hele dag (par 2).

Herskryf dié sin en onderstreep die voorwerpgedeelte. (1)

3.16 Brei die volgende sin deur middel van 'n byvoeglike bysin uit. Skryf die sin oor en onderstreep die byvoeglike bysin wat jy gebruik het.

Dié film gaan beslis groot geld verdien (par. 2). (1)

3.17 Herskryf die onderstreepte sin in paragraaf 3 in die indirekte rede. (2)

3.18 Wat sou die rede vir die gebruik van die "💥⚡☠☹!!"-simbole in paragraaf 3 wees? (1)

3.19 Herskryf die laaste sin van paragraaf 3 in die lydende vorm. (1)

3.20 Herskryf die eerste sin van paragraaf 4 in die ontkennende vorm. (1)

3.21 Hoekom word "opgepompte" in paragraaf 4 tussen aanhalingstekens geskryf? (1)

3.22 Schuster het ... 'n skeppie van sy eie medisyne gekry (par. 4). Verduidelik hierdie uitdrukking. (1)

**EN**

# Agterspeen-suig vir vroue met sportmal-mans



**Dié uittreksel kom uit 'n e-pos waarin mans riglyne gee van wat hulle van hulle vrouens (en seker meisies ook?) tydens die Wêreldbeker-sokkertoernooi verwag.**

**Van**: Mnr. Sokker
**Aan**: Me. Sokker
**Gestuur**: 9 Junie 2010 – 11:54 vm

- **1** Ken jou sokker – as jy nie sinvol kan saampraat nie, sal ek jou ongelukkig moet ignoreer.
- **2** Ek beheer die "remote" – as jy dit durf waag om net in sy rigting te kyk ...
- **3** Jy mag gerus maar voor die TV beweeg op pad yskas toe en terug. Solank jy net op jou maag seil!
- **4** As my span verloor, moet liefs nie iets sê soos "kom oor dit" of "dit is net 'n 'game' nie". Dan slaap jy buite.
- **5** As hulle die hoogtepunte weer uitsaai, móét ek wéér daarna kyk! Ek gee nie 'n duiwel om of ek dit al klaar gesien het nie – ek wil weer! En weer. En weer.
- **6** Sê asb.vir jou vriendinne hulle moet nie babas kry of trou of enigiets doen wat my teenwoordigheid sal vereis nie. Ek sal nie kan gaan nie.
- **7** Bel die polisie as jy hulp nodig het. Ek is nie beskibaar nie.

Met baie liefde en doele, van jou mnr. Sokker. *(Uit Kuier, Junie 2010)*

3.23 Kies die korrekte antwoord.

Vroue wat aan die agterspeen suig, is ‘n voorbeeld van:

A. ironie / spotspraak
B. konnotasie
C. ‘n retoriese vraag
D. sarkasme (1)

3.24 Voltooi die volgende sin.

Die eksplisiete boodskap van hierdie e-pos is dat ... (1)

3.25 Op watter wyse word Me. Sokker in die **eerste reël van die e-pos** gestereotipeer? (1)

3.26 Verskaf ‘n erkende Afrikaanse term vir “remote” in reël 2. (1)

3.27 In die derde sin gee Mnr.Sokker ‘n implisiete opdrag aan Me. Sokker. Wat is hierdie opdrag? (1)

3.28 Hoe dink jy gaan vroue in die algemeen op hierdie e-pos reageer? Antwoord in ‘n **VOLSIN**. (1)

**[30]**

**GROOTTOTAAL: 70**